

Die wonder van spesifieke gebedsverhoring

Het jy al gewonder of die Here hoor wanneer jy baie spesifieke dinge vir Hom vra ? Iemand het die volgende waar woorde gesê: *“Hoe meer spesifiek ons bid (bv vra), hoe meer spesifiek is die Here se antwoord.”*

Dit is wat hierdie eerste Christene van die eerste gemeente ervaar het. Petrus en Johannes is deur die Joodse Raad ernstig vermaan en gedreig om “....**glad nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie.**” (Hand 4:18)

Dit is gedoen toe die lede van die Joodse Raad gehoor het van ‘n man wat op ‘n bonatuurlike wyse genees is nadat Petrus met hom gepraat het, en ook toe hulle besef het dat die ledetal van die eerste gemeente besig is om geweldig te groei (vgl Hand 4:4).

Nadat hulle gedreig is, het Petrus hulle na hulle medegelowiges toe gegaan en saam het hulle op ‘n baie aangrypende, persoonlike en baie spesifieke manier met die Here gepraat. Wat aanvanklik tref in hulle gesprek met die Here, is die feit dat hulle Hom as’t ware eers herinner aan sy Woord deur Dawid in Psalm 2 (Vgl Hand 4:25,26). Dan pas hulle, onder leiding van die Heilige Gees, die woorde van Psalm 2 toe op die kruisgebeure (Vgl Hand 4:27,28).

Hulle praat op ‘n wonderlike direkte en praktiese, persoonlike manier met die Here asof die Here daar by hulle staan. En, dan eers, asof Hy steeds daar by hulle is en alles sien en hoor wat hulle beleef, sê hulle ook vir Hom:

Hand 4:29, 30:“En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. Laat u hand genesig bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus.”

Wat antwoord die Here ? Onmiddellik ! Spesifiek ! In lyn met hulle direkte versoeke:

Hand 4:31:“Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.”

Wat ‘n wonderlike verhouding het hulle nie met God gehad nie ! So ‘n verhouding kan ek en jy ook ervaar. Ja, Hy is vry om te hoor soos Hy wil en wanneer Hy wil. Maar, Hy kan en wil ook, by geleentheid, direk en dadelik en baie spesifiek antwoord.

Sing: Psalm 147:1,2

Dr Gerrie Labuscagne (Bloempark)